

Resensent: Dr J M G Storm

Hierdie bundel opstelle word uitgegee as 'n Spesiale Uitgawe van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*. Volgens die redakteur is dit 'n bydrae van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns tot die herdenking van die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902. Die verskillende bydraes is nie 'n poging om volledige beelde van die Anglo-Boereoorlog te bied nie – dit weerspieël temas waarmee hierdie historici hulle tans bemoei. Nieteenstaande hierdie aangekondigde tekortkoming, bied die bundel interessante leesstof. Die volgende temas word behandel:

- J A du Pisani: *Oorsake van die Anglo-Boereoorlog: is ons al nader aan 'n antwoord?*
- J C H Grobler: *Enkele gedagtes oor die Boere-ultimatum van Oktober 1899.*
- André Wessels: *Die Boere se strategie aan die begin van die Anglo-Boereoorlog.*
- J W Meijer: *Ben Viljoen se rol as kommandant van die Johannesburgkommando, 1899-1900.*
- James Jacobs: *Die Britse besetting van Pietersburg en die operasies in Noordoos-Transvaal in April 1901.*
- Louis Changuion: *Die Long Tom-kanonne van die Anglo-Boereoorlog: wat het van hulle geword?*
- Andrew Mcleod: *Generaals Christiaan de Wet en Jan Smuts: Hoe hulle die Anglo-Boereoorlog ervaar het.*
- L A Changuion: *Die organisasie van die Boerekrygsgevangenekampe in Suid-Afrika tydens die Anglo-Boereoorlog.*
- Chris Venter: *Jotham Joubert: 'n Profiel van 'n Kaapse rebel.*
- J O Ferreira: *Portugal en die Anglo-Boereoorlog.*
- Bun Booyens: *Die afspeëling van die Anglo-Boereoorlog in De Gereformeerde Kerkbode, 1899-1905.*
- M C E van Schoor: *John Daniël Kestell as historikus.*
- Fransjohan Pretorius: *Historiese perspektiewe op die Anglo-Boereoorlog.*

Soos dit in die inhoudsopgawe blyk, weerspieël die artikels 'n wye reeks van feitlikhede oor die oorlog en kritiese waarderings oor sake en persoonlikhede. Alle artikels sal daarom nie noodwendig in al die lesers se smaak val nie. Daar is egter opstelle wat feite deurgee wat nie algemeen bekend is nie en daarom insiggewend en interessant is. Ek sonder graag die bydrae van Ferreira oor die optrede van Portugal tydens die oorlog uit, wat na my wete vir baie lesers nuwe feite gaan wees. Die artikel van

Boekbesprekings / Book Reviews

Changiun oor die Long Tom-kanonne val in hierdie selfde kategorie. Die beoordeling van die Boerestrategie deur Wessels en die behoorlik nagevorsde feitemededeling van die militêr Jacobs oor die inname van Noord-Transvaal deur die Britte, staaf hoe onvoorbereid, nie gereed en swak toegerus die Boererepublieke werklik vir die oorlog was.

Tussen die artikels wat handel oor die persoonlikhede is die bydrae uit die ervare hand van Van Schoor 'n juweel. Dit is goed dat daar op hierdie wyse hulde gebring word aan Vader Kestell.

Lesenswaardig is veral ook die bydrae van Pretorius waarin hy enkele perspektiewe oor die oorlog bied. Hy slaag myns insiens daarin om met 'n onbevangende blik sake oor die oorlog aan te voer wat tog van belang is en ook nie altyd gehoor wil word nie.

Ek het 'n gemis aan een artikel: In 'n belangrike uitgawe soos hierdie, geborg deur die Akademie vir Wetenskap en Kuns, moes daar minstens 'n kort feitlik-historiese weergawe van die oorlog in verskyn het. Dit sou al die artikels in 'n baie beter perspektief geplaas het en hierdie uitgawe, met die mooi titel, soveel vollediger gemaak het. Dit sou goed gewees het as 'n ervare historikus soos Fransjohan Pretorius 'n klomp bladsye daarvoor aangewend het. Het Vader Kestell dan nie gesê: *"Er is veel onkunde onder de Afrikaners in het algemeen van de geheele geschiedenis van hun land. Zulke onkunde strekt hun tot oneer, en sy behoorden alles dat mogenlyk is aan te wenden om beter bekend te geraken met de daden van het voorgeslacht."*